

**WARNINGS:**

- Handle with care.
- Harmful if swallowed.
- Avoid skin contact.
- Toxic to fish.
- Store in a cool, dry place away from food, feed, fertilizer and other agricultural products.
- Keep out of reach of children, uninformed persons and animals.
- **Re-entry.** Do not enter treated area until spray deposit has dried unless wearing protective clothing.
- **Aerial application.** Notify all the inhabitants in the immediate vicinity of the area to be sprayed and issue the necessary warnings. Do not spray over or allow the drift to contaminate water or adjacent areas.

*Although this remedy has been extensively tested under a large variety of conditions, the registration holder does not warrant that it will be effective under all conditions. The activity and effect thereof may be affected by factors such as abnormal soil, climatic and storage conditions, quality of dilution water, compatibility with other substances not indicated on the label and the occurrence of resistance of the weed against the remedy, as well as by the method, time and accuracy of application. The registration holder furthermore does not accept responsibility for damage to crops, vegetation, the environment or harm to man or animal, or for lack of performance of the remedy concerned due to failure by the user to follow the label instructions, or to the occurrence of conditions which could not have been foreseen in terms of the registration. Consult the supplier in the event of any uncertainty.*

**PRECAUTIONS:**

- Do not inhale the spray mist.
- Avoid skin contact by wearing protective clothing when mixing the product.
- Wash contaminated clothing after use.
- Wash with soap and water after use and accidental skin contact.
- Do not eat, drink or smoke while mixing or applying the product or before washing hands and face.
- Avoid drift of spray onto other crops, grazing, rivers, dams and areas not under treatment.
- Clean applicator after use. Dispose of rinsate where it will not contaminate crops, grazing, rivers, dams and boreholes.
- Invert the empty container over the mixing or spray tank and allow to drain for at least 30 seconds after the flow has slowed to a drip. When the product is mixed with water, rinse the empty container three times with a volume of water equal to a minimum of 10 % of that of the container. Add the rinsings to the spray tank before destroying the empty container.
- Destroy the empty container and do not use for any other purpose.
- Prevent contamination of food, feeds, drinking water and eating utensils.

**RESISTANCE WARNING:**

**AGENDA 240 EC** is a group code A herbicide. Any weed population may contain individuals naturally resistant to **AGENDA 240 EC** and other group code A herbicides. The resistant individuals can eventually dominate the weed population if these herbicides are used repeatedly. These resistant weeds may not be controlled by **AGENDA 240 EC** or any other group code A herbicide.

To delay weed resistance:

- Avoid exclusive repeated use of herbicides from the same herbicide group code. Alternate or tank-mix with products from different herbicide group codes.
- Integrate the control methods (chemical, cultural, biological) into herbicide control programmes.

Records must be kept on herbicide use for each field. Each field must be inspected annually in order to identify the development of resistance early. The movement of resistant weed seeds and vegetative material to other fields must be prevented by cleaning harvesting and tillage equipment thoroughly after use. Only plant clean seed. For specific information on resistance management contact the registration holder of this product.

**USE RESTRICTIONS:**

- Do not apply **AGENDA 240 EC** to wheat fields where herbicide resistance is suspected or confirmed.
- Do not apply **AGENDA 240 EC** to weeds that are under drought, cold or nutrient stress conditions or to weeds on waterlogged soils.
- Do not apply **AGENDA 240 EC** to barley.
- Do not apply **AGENDA 240 EC** in a tank mix with sulfonylureas other than prosulfuron for the control of Italian ryegrass (*Lolium multiflorum*). See also Compatibility.
- Do not apply **AGENDA 240 EC** to oats or allow the spray to drift to neighbouring oats fields.

**DIRECTIONS FOR USE:** Use only as directed.



# AGENDA 240 EC

Reg No/Nr: L 8973: Act/Wet 36 of/van 1947

An emulsifiable concentrate herbicide for the selective post-emergence control of annual grasses in wheat in the Western and Eastern Cape and dryland and irrigated areas of the Summer Rainfall Region.

'n Emulgeerbare konsentraat onkruiddoder vir die na-opkom beheer van sekere eenjarige grasse in koring in die Wes-Kaap en Oos-Kaap en droëland en besproeiingsgebiede van die Somerreënvalgebied.

HRAC HERBICIDE GROUP CODE

A

HRAC ONKRUIDDODERGROEP

**ACTIVE INGREDIENT:**

Clodinafop-propargyl / Kloninafop-propargiel ..... 240 g/l  
(pirinil-oxyphenol) / (pirinil-oksiefenol)

**SEE ENCLOSED LEAFLET FOR FULL PARTICULARS**

**SIEN INGESLOTE VOUBILJET VIR VOLLE BESONDERHEDE**

Manufacture Date: / Vervaardigingsdatum:

Batch No.: / Lotnommer:

**NET MASS / NETTO MASSA**

**SEE REVERSE  
SIDE OF DRUM /  
SIEN KEERSY VAN  
DROM**

Registered by/Geregistreer deur:

**SAFEGUARD CROP PROTECTION (PTY) LTD/(EDMS.) BPK**

Reg. No/Nr: 1971/012583/07

61 Marshall Drive, Old Mill Industrial Park, Mount Edgecombe, South Africa, 4300 • Tel: 031 003 3486

UN No.: 3082



**CAUTION  
VERSIGTIG**



**General:**

**AGENDA 240 EC** can be applied to all wheat cultivars provided it has reached the 3-leaf stage. Only weeds that have germinated at the time of application will be controlled.

Apply **AGENDA 240 EC** to young actively growing weeds in moist soil. All parts of the weeds must be thoroughly covered by the herbicide spray for effective control.

**AGENDA 240 EC** should be applied before the weeds are overshadowed by other weeds or the crop since insufficient coverage of the weeds will result in poor control.

**Mixing instructions:**

Half-fill the spray tank with clean water. Pour the required amount of **AGENDA 240 EC** in the spray tank while agitating the mixture. Fill the spray tank to the desired volume.

When **AGENDA 240 EC** is tank mixed with other herbicides, insecticides and fungicides then these must be added to the spray tank first (well mixed and in suspension) before adding **AGENDA 240 EC**. Finally, add 0.15 % PROSYNERGIST. Ensure thorough agitation of the mixture in the tank during mixing and spraying.

**All tank mixture must be sprayed out immediately and not allowed to stand in the spray tank overnight.** Thoroughly flush out the spraying equipment at the end of the spraying operation.

**Compatibility:**

The compatibility of **AGENDA 240 EC** with other remedies depends of the formulations of the respective remedies as well as the quality of the spray water. As formulations may change from time to time it is recommended that a physical compatibility test be conducted prior to making the tank mixture. Consult your representative in case of any uncertainty. Always use **AGENDA 240 EC** with a recommended adjuvant e.g. PROSYNERGIST.

The following table can be used as guidance for possible tank mixes. If **AGENDA 240 EC** is applied at 150 m<sup>3</sup>/ha, tank mixes with MCPA may be antagonistic under certain conditions.

HERBICIDE/FUNGICIDE OR INSECTICIDE	WILD OATS	ITALIAN RYEGRASS	LITTLE SEEDED CANARY GRASS
Bromoxynil 225 EC	Compatible	Compatible	Compatible
Bromoxynil 225 EC + 0,5 ~/ha MCPA	Compatible	Compatible	Compatible
Prosulfuron	Compatible	Compatible	Compatible
Chlorsulfuron	Compatible	X	Compatible
Tribenuron-methyl	Compatible	X	X
Metsulfuron-methyl/thifensulfuron	Compatible	X	Compatible
Triasulfuron	Compatible	X	Compatible
Triasulfuron + bromoxynil 225 EC	Compatible	X	X
Carbendazim/flusilazole	Compatible	Compatible	Compatible
Prochloraz	Compatible	Compatible	Compatible
Propiconazole	Compatible	Compatible	Compatible
Parathion	Compatible	Compatible	Compatible
Dimethoate	Compatible	Compatible	Compatible
Copper oxychloride	Compatible	Compatible	Compatible
Manganese sulphate	Compatible	Compatible	Compatible
Zinc oxide	Compatible	Compatible	Compatible

It is not recommended to mix multiple combinations of products containing the above active ingredients since such combinations have not been tested. If **AGENDA 240 EC** is mixed with any products containing active ingredients other than those mentioned above, inferior control can be expected.

**Ground application:**

Apply with a correctly calibrated tractor mounted boom sprayers fitted with flat fan nozzles. The spraying equipment must be checked regularly during application to ensure even and accurate application. Use a spray volume of not less than 200  $\text{m}^3$  water per hectare to ensure adequate coverage. Constant agitation of the spray mixture during application is essential. Prevent overdosing by avoiding overlapping of swaths and closing the nozzles while starting, during slow movement, turning and stopping.

**Aerial application:**

Aerial application of **AGENDA 240 EC** may only be done by a registered aerial application operator using a correctly calibrated, registered aircraft according to the instructions of South African National Standard 10118: The Aerial Application of Pesticides. Ensure that the spray mixture is distributed evenly over the target area and that the loss of spray material during application is restricted to a minimum. It is therefore essential that the following criteria be met:

- **Volume:** a spray mixture volume of 30 to 35  $\text{m}^3$  per hectare is recommended. As this product has not been evaluated at a reduced volume rate, the registration holder cannot guarantee efficacy, or be held responsible for any adverse effects if this product is applied aerially at a lower volume rate than recommended above.
- **Droplet coverage:** 30 to 40 droplets per  $\text{cm}^2$  must be recovered at the target area.
- **Droplet size:** a droplet spectrum with a VMD of 300 to 350 microns is recommended. Limit the production of fine droplets less than 150 microns (high drift and evaporation potential) to a minimum.
- **Flying height:** maintain the height of the spray boom at 3 to 4 metres above the target. Do not spray when aircraft dives, is in a climb or when banking.
- Use suitable **atomising equipment** that will produce the desired droplet size and coverage, but which will ensure the minimum loss of product. The spraying system must produce a droplet spectrum with the lowest possible Relative Span.
- Position all the atomisers within the inner 60 to 75 % of the wingspan to prevent droplets from entering the **wingtip vortices**.
- The difference in **temperature** between the wet and dry bulb thermometers, of a whirling hygrometer, should not exceed 8 °C.
- Stop spraying if the **wind** speed exceeds 15 km/h.
- Stop spraying under **turbulent**, unstable and dry conditions during the heat of the day.
- Spraying under temperature **inversion conditions** (spraying in or above the inversion layer) and/or high humidity conditions (relative humidity 80 % and above) may lead to the following:
  - reduced efficacy due to suspension and evaporation of small droplets in the air (inadequate coverage).
  - damage to other sensitive crops and/or non-target areas through drifting of the suspended spray cloud away from the target field.
- Ensure that the aerial spray operator knows exactly which fields to spray.
- Obtain an assurance from the aerial spray operator that the above requirements will be met and that relevant data will be compiled in a logbook and kept for future reference.

**Table 1. AGENDA 240 EC recommendations for wheat in the Western and Eastern Cape**

WEED	DOSAGE	REMARKS
<b>WILD OATS</b>	150 $\text{m}^3$ /ha (ground application)	Apply when the wild oats is in the 3 – 4-leaf stage. This low rate will not control the hairy leaves biotypes in the Eendekul and Wellington districts.
	165 $\text{m}^3$ /ha (aerial application)	<b>AGENDA 240 EC</b> tank mixes with MCPA at this low rate may also be antagonistic under certain conditions.
<b>WILD OATS</b> Little seeded canary grass	200 $\text{m}^3$ /ha (ground application)	Apply when the wild oats and little canary seed grass is in the 3 – 4-leaf stage.
	220 $\text{m}^3$ /ha (aerial application)	
<b>WILD OATS</b> Little seeded canary grass Italian ryegrass	250 $\text{m}^3$ /ha (ground application)	Apply when the wild oats and little seeded canary grass is in the 3 – 4-leaf stage and the Italian ryegrass in the 2 – 3-leaf stage.
	275 $\text{m}^3$ /ha (aerial application)	

- A delay in the application of **AGENDA 240 EC** until after the 3 – 4-leaf stage of wild oats may result in severe yield losses due to weed competition.
- Application prior the 3 – 4-leaf stage of wild oats and little seeded canary grass may result in re-germination.

**Table 2. AGENDA 240 EC recommendations for irrigated wheat in the Summer Rainfall Region**

WEED	DOSAGE	REMARKS
WILD OATS	250 mℓ /ha (ground application) 275 mℓ /ha (aerial application)	Apply to actively growing wild oats in the 3 – 4-leaf stage, preferably 1 – 2-days after irrigation.

- A delay in the application of **AGENDA 240 EC** until after the 3 – 4-leaf stage of wild oats may result in severe yield losses due to weed competition.

**Table 3. AGENDA 240 EC recommendations for dryland wheat in the Summer Rainfall Region**

WEED	DOSAGE	REMARKS
WILD OATS	335 mℓ /ha (ground application)	Apply from early September after the first good spring rains when the weeds have reached the 3 – 4-leaf stage. The mean temperature over a 24-hour period must exceed 10 °C for three consecutive days before application can take place. If the wild oats has already reached the 4 – 5-leaf stage before application could take place (due to dry and cool conditions), then <b>AGENDA 240 EC</b> must be applied to minimise yield losses due to weed competition.
Volunteer maize	380 mℓ /ha (aerial application)	
Sweet buffalo grass	200 mℓ /ha (ground application) 225 mℓ /ha (aerial application)	The weed control may however be poor. A follow-up application of 250 mℓ / ha <b>AGENDA 240 EC</b> plus 0.15 % PROSYNERGIST should then be applied .

**WEEDS CONTROLLED:**

The following weed species are normally controlled by **AGENDA 240 EC** at the dosage rates as recommended.

WEED SPECIES	COMMON NAME
<i>Avena spp.</i>	Wild oats
<i>Lolium spp.</i>	Italian ryegrass
<i>Panicum schinzii</i>	Sweet buffalo grass
<i>Phalaris minor</i>	Little seeded canary grass
<i>Zea mays</i>	Volunteer maize

Resistance to the pyridinyl-oxyphenoxy group of herbicides might occur in some of the above mentioned grass weed populations. Do not apply **AGENDA 240 EC** to weed populations resistant to the pyridinyl-oxyphenoxy group of herbicides.



## WAARSKUWINGS:

- Hanteer versigtig.
- Skadelik indien ingesluk word.
- Vermy kontak met vel.
- Giftig vir visse.
- Stoer in 'n koel, droë plek weg van voedsel, voer, misstowwe en ander landbouprodukte.
- Hou buite bereik van kinders, oningesigte persone en diere.
- **Herbetreding.** Moet nie behandel gebied betree nie voordat die sputneerslag droog is nie tensy beskerende klere gedra word.
- **Lugtoediening.** Stel die inwoners van die onmiddellike gebied wat behandel gaan word in kennis en reik die nodige waarskuwings uit. Moet nie sput of toelaat dat die sputnewel wateroppervlaktes van aangrensende gebiede besoedel nie.

**Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormal grond-, klimaats - en bergingstoestande kwaliteit van verdunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui is nie en die voorkoms van weerstand van die onkruid teen die betrokke middel, sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, die omgewing, of vir nadelige effek op mens of dier of vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van die versuum van die gebruik van etiketaanwysings na te kom of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.**

## VOORSORGMAATREËLS:

- Moet nie sputnewel inasem nie.
- Vermy kontak met die vel deur beskerende klere te dra wanneer die produk gemeng word.
- Was besoedelde klere na gebruik.
- Was met seep en water na gebruik en toevallig velkontak.
- Moet nie eet, drink of rook tydens vermenging of toediening van die produk of voordat hande en gesig gewas is nie.
- Vermy die wegdrywing van sputnewel na ander gewasse, weivelde, riviere, damme en plekke wat nie behandel moet word nie.
- Maak spuittergerig skoon na gebruik. Vermy die besoedeling van gewasse, weiding, riviere, damme en boorgate met spoelwater.
- Keer die leë houer om oor die spuittenk of mengbak en dreineer vir minstens 30 sekondes nadat die vloeit tot 'n gedrup verminder het. Spoel die houer daarna driekeer uit met 'n volume water gelykstaande aan 'n minimum van 10 % van die inhoud van die houer. Gooi die spoelwater by die inhoud van die spuittenk voordat die houer op die voorgeskrewe wyse vernietig word.
- Vernietig die leë houer en moet nie vir enige ander doeleinades gebruik nie.
- Voorkom die besoedeling van voedsel, voer, drinkwater of eetgtere.

## WEERSTANDSWAARSKUWING:

**AGENDA 240 EC** is 'n groepkode A onkruiddoder. Enige onkruidpopulasie mag individue bevat wat natuurlik bestand is teen **AGENDA 240 EC** en ander groepkode A onkruiddoders. Die weerstandbiedende individue kan uiteindelik die onkruidpopulasie domineer as hierdie onkruiddoders herhaaldelik gebruik word. Hierdie weerstandbiedende onkruid mag dan nie deur **AGENDA 240 EC** of enige ander groepkode A onkruiddoders beheer word nie.

Om onkruidweerstand te vertrag:

- Vermy uitsluitlike gebruik van onkruiddoders van dieselfde groepkode. Wissel af of vermeng in die spuittenk produkte van ander onkruiddodergroepkodes.
- Integreer die beheermetodes (chemies, kultureel, biologies) in die onkruiddoder beheerprogramme in.

Hou rekords van onkruiddodergebruik vir elke land. Inspekteer elke land jaarliks om die ontwikkeling van weerstand betyds te identifiseer. Die verspreiding van weerstandbiedende onkruidsaad en vegatiële material na ander lande moet voorkom word deur stroopers en grondbewerkingsstoerusting deeglik na gebruik skoon te maak. Plant alleenlik skoon saad. Vir spesifieke inligting rakende weerstandsbeheer kontak die registrasiehouer van hierdie produk.

## GEBRUIKSBEPERKINGS:

- Moet nie **AGENDA 240 EC** op koringlande toedien nie waar onkruiddoderweerstandbiedendheid vermoed word of bevestig is.
- Moet nie **AGENDA 240 EC** aan onkruid, wat onder droogte-, koue- en voedingsstres verkeer of aan onkruid onder versuistoestande is, toedien nie.
- Moet nie **AGENDA 240 EC** op gars gebruik nie.
- Moet nie **AGENDA 240 EC** in 'n tenkmengsel gebruik saam met sulfoniel ureurns nie met die uitsondering van prosulfuron vir die beheer van Italiaanse raaigras (*Lolium multiflorum*). Kyk ook **Mengbaarheid**.
- Moet nie **AGENDA 240 EC** op hawer toedien nie en vermy die wegdryf van sputnewel na aangrensende hawerlande.

## GEBRUIKSAANWYSINGS: Gebruik alleenlik soos aangedui.

### Algemeen:

**AGENDA 240 EC** kan op alle koringkultivars toegedien word sodra die gewas die 3-blaarstadium bereik het. Alleenlik onkruid wat tydens toediening reeds ontkiem het, sal beheer word. Dien **AGENDA 240 EC** toe aan jong aktief groeiende onkruid in klam grond. Vir effektiewe beheer bedek alle dele van die onkruid deeglik met sputnewel.

**AGENDA 240 EC** moet toegedien word voordat die onkruid afgeskerm word deur ander onkruid of die gewas aangesien onvoldoende bedekking tot swak beheer sal lei.

### Menginstruksies:

Vul die sputtenk halfvol met skoon water. Voeg die benodigde hoeveelheid **AGENDA 240 EC** in die sputtenk terwyl geroer word. Vul die sputtenk tot die verlangde volume. Wanneer tenkmengsels van **AGENDA 240 EC** met ander onkruiddoders, insekdoders en swamdoders gemaak word, moet hierdie produkte eerste in die sputtenk gevoeg word (deeglik gemeng en in suspensie) voordat **AGENDA 240 EC** bygevoeg word. Ten laaste moet 0,15 % PROSYNERGIST bygevoeg word. Roer deeglik tydens meng en toediening.

**Alle tenkmengsels moet onmiddellik uitgespuï word en moet nie oornag in die sputtenk gelaat word nie.** Was die sputtoerusting deeglik uit na toediening.

### Mengbaarheid:

Die mengbaarheid van **AGENDA 240 EC** met ander plaagbeheermiddels hang af van die formulering van die onderskeie middels asook die kwaliteit van die sputwater.

Aangesien formuleringe van tyd tot tyd kan verander, word dit aanbeveel om 'n fisiese mengbaarheidsproef uit te voer voordat 'n tenkmengsel gemaak word. Raadpleeg u verteenwoordiger in geval van enige onsekerheid. Gebruik altyd **AGENDA 240 EC** met 'n aanbeveelde beverorderingsmiddel byvoorbeeld PROSYNERGIST.

Die volgende tabel kan gebruik word as 'n gids vir moontlike tenkmengsels. Indien **AGENDA 240 EC** toegedien word teen 150 m<sup>2</sup>/ha kan tenkmengsels met MCPA onder sekere toestande antagonisties wees.

ONKRUIDDODER/SWAMDODER OF INSEKDODER	WILDEHAWER	ITALIAANSE RAAIGRAS	KLEINAAD-KANARIEGRAS
Bromoksinil 225 EC	Mengbaar	Mengbaar	Mengbaar
Bromoksinil 225 EC + 0,5 ℥/ha MCPA	Mengbaar	Mengbaar	Mengbaar
Prosulfuron	Mengbaar	Mengbaar	Mengbaar
Chlorsulfuron	Mengbaar	X	Mengbaar
Tribenuron-metiel	Mengbaar	X	X
Metsulfuron-metiel/tifensulfuron	Mengbaar	X	Mengbaar
Triasulfuron	Mengbaar	X	Mengbaar
Triasulfuron + bromoksinil 225 EC	Mengbaar	X	X
Karbendasim/flusilasool	Mengbaar	Mengbaar	Mengbaar
Prochloras	Mengbaar	Mengbaar	Mengbaar
Propikonasool	Mengbaar	Mengbaar	Mengbaar
Paration	Mengbaar	Mengbaar	Mengbaar
Dimethoaat	Mengbaar	Mengbaar	Mengbaar
Koperoksiechloried	Mengbaar	Mengbaar	Mengbaar
Mangaansulfaat	Mengbaar	Mengbaar	Mengbaar
Sinkoksied	Compatible	Compatible	Compatible

Die word nie aanbeveel om veelvoudige mengsels van produkte wat bogemelde aktiewe bestanddele bevat te maak nie, aangesien sulke kombinasies nie getoets is nie. Indien **AGENDA 240 EC** gemeng word met produkte wat ander aktiewe bestanddele bevat as wat hierbo genoem word, kan swak beheer verwag word.

#### **Grondtoediening:**

Dien toe met 'n korrek gekalibreerde trekkerbalkspuit met platwaaierspuitpunte. Gaan toerusting gereeld tydens toediening na om te verseker dat die toediening egalig en akkuraat plaasvind. Dien toe in ten minste 200 ℓ water per hektaar om voldoende bedekking te verseker. **Konstante roering van die spuitmengsel tydens toediening is noodsaaklik.** Vermy oordosering deur oorvleueling van spuitbane te vermy en deur die spuitpunte af te sny wanneer die trekker wegtrek, gedurende stadige bewegings, draaie en stilhou.

#### **Lugtoediening:**

**AGENDA 240 EC** kan slegs deur 'n geregistreerde lugbespuitingsoperateur met 'n korrek gekalibreerde, geregistreerde vliegtuig volgens die instruksies van Suid Afrikaanse Nasionale Standaard 10118: The Aerial Application of Pesticides uit die lug bespuit word. Verseker dat die spuitmengsel eweredig oor die teikenarea versprei word, en die verlies aan spuitmengsel tydens toediening tot 'n minimum beperk word. Dit is daarom belangrik om aan die volgende vereistes te voldoen:

- **Volume:** 'n spuitmengsel volume van 30 tot 35 ℓ/ha word aanbeveel. Hierdie produk is nie teen 'n verlaagde volume getoets nie. Die registrasiehouer kan nie effektiiteit waarborg, of verantwoordelik gehou word vir enige nadelige effekte indien hierdie produk teen 'n laer volume, as hierbo aanbeveel, toegedien word nie.
- **Druppel bedekking:** 30 tot 40 druppels per cm<sup>2</sup> moet op die teikenarea herwin word.
- **Druppelgrootte:** In druppelspektrum met 'n VMD van 300 tot 350 mikrons word aanbeveel. Beperk die produksie van druppels kleiner as 150 mikrons (hoë droëwing en verdampingspotensiaal) tot 'n minimum.
- **Vlieghoogte:** handhaaf die hoogte van die spuitbalk bo die teiken op 3 tot 4 meter. Moet nie spuit wanneer die vliegtuig duik, uitklim of draai nie.
- Gebruik geskikte **atomiseringsapparaat** wat die vereiste druppelgrootte en bedekking sal produseer, maar die minste verlies van produk verseker. Die spuitstelsel moet 'n druppelspektrum met die kleinste moontlike Relatiewe Span produseer.
- Plaas al die atomiseerders in die binne 60 tot 75 % van die vlerkspan om te verhoed dat druppels binne-in die **vlerkpuntvorteeks** beweeg.
- Die verskil in **temperaturat** tussen die nat- en droëboltermometer van 'n swaaihigrrometer, moet nie 8 °C oorskry nie.
- Stop bespuiting indien die **windspoed** 15 km/uur oorskry.
- Stop bespuiting tydens **turbulente**, onstabiele en droë toestande gedurende die hitte van die dag.
- Bespuiting onder temperaturat **inversie toestande** (deur bo of binne die inversie laag te spuit) en/of **hoë lugvog toestande** (relatiewe humiditeit 80 % en meer) mag tot volgende probleme aanleiding gee:
  - verlaagde effektiwiteit aangesien die druppels as 'n wolk in die lug bly hang en moontlik verdamp (onvoldoende bedekking op teiken).
  - skade aan nie-teiken gewasse of sensitiewe areas as gevolg van wegdrooging van die spuitwolk na nie-teiken area.
- Verseker dat die lugbespuitingsoperateur presies weet watter lande bespuit moet word.
- Dit is noodsaaklik om 'n versekering van die lugbespuitingsoperateur te verkry dat aan al die bogenoemde vereistes voldoen sal word en dat data van belang in 'n logboek saamgevat is vir toekomstige verwysing.

Tabel 1. AGENDA 240 EC aanbevelings vir koring in die Wes- en Oos-Kaap

ONKRUID	DOSIS	OPMERKINGS
WILDEHAWER	150 mℓ /ha (grondtoediening)	Dien toe wanneer die wildehawer in die 3 – 4-blaarstadium is. Hierdie lae dosis sal nie harige blaar biotipes in die Eendekuil en Wellington distrikte beheer nie. <b>AGENDA 240 EC</b> tenkmengsels met MCPA teen hierdie lae dosis mag onder sekere toestande ook antagonistes wees.
	165 mℓ /ha (lugtoediening)	
WILDEHAWER Kleinsaadkanariegras	200 mℓ /ha (grondtoediening)	Dien toe wanneer die wildehawer en die kleinsaadkanariegras in die 3 – 4-blaarstadium is.
	220 mℓ /ha (lugtoediening)	
WILD OATS Kleinsaadkanariegras Italiaanse raaigras	250 mℓ /ha (grondtoediening)	Dien toe wanneer die wildehawer en die kleinsaadkanariegras in die 3 – 4-blaarstadium is en die Italiaanse raaigras in die 2 – 3-blaarstadium is.
	275 mℓ /ha (lugtoediening)	

- Indien **AGENDA 240 EC** na die 3 – 4-blaarstadium van wildehawer toegedien word kan ernstige verliese in opbrengs a.g.v. onkruid kompetisie voorkom.
- Indien toedienings voor die 3 – 4-blaarstadium van wildehawer en kleinsaad kanariegras plaasvind sal herontkieming voorkom.

Tabel 2. AGENDA 240 EC aanbevelings vir besproeide koring in die Somerreënvalgebied.

ONKRUID	DOSIS	OPMERKINGS
WILDEHAWER	250 mℓ /ha (grondtoediening) 275 mℓ /ha (lugtoediening)	Dien toe op aktief groeiende wildehawer in die 3 – 4-blaarstadium, verkielik 1 – 2 dae na besproeiing.

- Indien AGENDA 240 EC na die 3 – 4-blaarstadium van wildehawer toegedien word kan ernstige verliese in opbrengs a.g.v. onkruidkompetisie voorkom.

Tabel 3. AGENDA 240 EC aanbevelings vir droëland koring in die Somerreënvalgebied


ONKRUID	DOSIS	OPMERKINGS
WILDEHAWER Opslagmielies	335 mℓ /ha (grondtoediening) 380 mℓ /ha (lugtoediening)	Die toe vanaf vroeg September na die eerste reëns wanneer die onkruid die 3 – 4-blaarstadium bereik het. Die gemiddelde temperatuur oor 'n 24-uur periode moet bo 10 °C vir drie opeenvolgende dae wees voor toediening plaasvind. Indien die wildehawer alreeds die 4 – 5-blaarstadium bereik het voordat toediening kon plaasvind (a.g.v. droë en koel toestande), moet AGENDA 240 EC toegedien word om opbrengsverliese a.g.v. onkruidkompetisie te beperk. Die beheer sal egter swak wees. 'n Opgvolgbespuiting van 250 mℓ /ha AGENDA 240 EC plus 0.15 % PROSYNERGIST moet dan toegedien word.
Soetbuffelsgras	200 mℓ /ha (grondtoediening) 225 mℓ /ha (lugtoediening)	

#### ONKRUID BEHEER:

Die volgende onkruidspesies word gewoonlik deur AGENDA 240 EC beheer teen toedieningshoeveelhede soos aanbeveel.

ONKRUIDSPESIES	GEWONE NAAM
<i>Avena spp.</i>	Wildehawer
<i>Lolium spp.</i>	Italiaanse raaigras
<i>Panicum schinzii</i>	Soetbuffelsgras
<i>Phalaris minor</i>	Kleinsaadkanariegras
<i>Zea mays</i>	Opslagmielies

Weerstand teen die piriniel-oksiefenoksiegroep van onkruiddoders mag in sommige van die bevolkings van bogenoemde onkruidte voorkom. Moet nie AGENDA 240 EC toedien nie aan onkruidbevolkings wat weerstandbiedend is vir piriniel-oksiefenoksie onkruiddoders.





# AGENDA 240 EC

Reg No/Nr: L 8973: Act/Wet 36 of/van 1947

An emulsifiable concentrate herbicide for the selective post-emergence control of annual grasses in wheat in the Western and Eastern Cape and dryland and irrigated areas of the Summer Rainfall Region.

'n Emulgeerbare konsentraat onkruiddoder vir die na-opkom beheer van sekere eenjarige grasse in koring in die Wes-Kaap en Oos-Kaap en droëland en besproeiingsgebiede van die Somerreënvalgebied.

**HRAC HERBICIDE GROUP CODE**

**A**

**HRAC ONKRUIDDODERGROEP**

**ACTIVE INGREDIENT:**

Clodinafop-propargyl / Kladinafop-propargiel ..... 240 g/l  
(pirinil-oxyphenol) / (pirinil-oksiefenol)

**SEE ENCLOSED LEAFLET FOR FULL PARTICULARS  
SIEN INGESLOTE VOUBILJET VIR VOLLE BESONDERHEDE**

Manufacture Date: / Vervaardigingsdatum:

Batch No.: / Lotnommer:

**NET MASS / NETTO MASSA**

**SEE REVERSE  
SIDE OF DRUM /  
SIEN KEERSY VAN  
DROM**

Registered by/Geregistreer deur:

**SAFEGUARD CROP PROTECTION (PTY) LTD/(EDMS.) BPK**

Reg. No/Nr: 1971/012583/07

61 Marshall Drive, Old Mill Industrial Park, Mount Edgecombe, South Africa, 4300 • Tel: 031 003 3486

**UN No.: 3082**



**CAUTION  
VERSIGTIG**

